Laerskool Lynnwood

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za
Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 2: Nommer 3 – 25 April 2025

## GHOLF- EN ROLBALDAG







**Gholfdag Inskrywingsvorm:**

https://form.jotform.com/250472338202550

**Gholfdag Bemarkingsgeleenthede:**

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfHy17zE6LkzbBwo4yOhDBs6oDlCElHFbWkbHCWm6A1bANzxg/viewform?usp=header

**Rolbaldag Inskrywingsvorm:**

https://form.jotform.com/250472090371552

**Rolbaldag Bemarkingsgeleenthede:**

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSdowM1e4vBT4cSfsyC8837uvOztxZUHr9blIlqJA6lMzcp95Q/viewform?usp=header

# OUERLEIDING




**Kweek 'n liefde vir ons taal**

O moedertaal, o soetste taal!
Jou het ek lief bo alles.
Van al die tale wat ek hoor,
niks wat my siel ooit so bekoor.
O moedertaal, o soetste taal!
Jou het ek lief bo alles.

23 April is Wêreld boekedag en op 8 Mei word Afrikaans se 100 jaar as amptelike taal gevier.

**Hoe kan mens 'n kind speel-speel help om hul moedertaal beter vas te lê, veral as die ouers werk en net 'n paar uur per dag met die kinders is?**

- Musiek! Luister soveel liedjies met jou moedertaal se lirieke as moontlik. Maak die uur of twee wat julle in die motor spandeer musiek- en saamsing-tyd.
- Die wonder van leespret kan nie genoeg beklemtoon word nie – dis 'n kind se fundamentele reg om groot te word met boeke. Van die kosbaarste boustene in 'n ouer-kind-verhouding (en later ook van die mooiste herinneringe) is storietyd. Daar is fantastiese Afrikaanse kinder- en jeugboeke beskikbaar. Besoek 'n boekwinkel of biblioteek en laat jou kind self 'n Afrikaanse boek kies
- Afrikaanse oudioboeke kan ook gebruik word, want behalwe om self in sy verbeelding kleur aan die storie te verleen, moet die kind luister en verstaan om die storie te volg, wat sy begrip verbeter.
- Kinders is gaande oor grappie boeke. Vir kinders wat nie graag wil lees nie, is dit 'n goeie alternatief.
- Stel self die voorbeeld – Ons ervaar toenemend dat kinders se woordeskat te kort skiet. Baie kinders weet nie wat konfyt of springmielies is nie – want hulle het groot geword met "jam" en "popcorn".
- Stel jou kind van jongs af bloot aan teater produksies. Daar is soms gedurende vakansietyd uitstekende kinderteater-produksies in Pretoria teaters.
- Kyk gerus ook saam met jou kinders na goeie Afrikaanse rolprente – daar is talle goeie rolprente wat ook tienerkwessies aanspreek – en weer die deur oopmaak vir verdere gesprekke met jou kind.

Afrikaans is die taal waarin ons droom, dink en besluite neem – inderdaad die taal van ons harte.

Plant doelbewus hierdie saadjie van liefde in jou kind se hart.

# AKADEMIE



## KULTUUR

### REDENAARS

Baie geluk aan ons wenners wat deelgeneem het aan die Interskole Redenaarsliga by Laerskool Voorpos.






**Die volgende redenaarskompetisie datums vir u gerief.**

- **Kansvatters**

**Skakel:** https://petrusjacobslive.co.za/kansvatter/

**Individue:**
Sluitingsdatums vir inskrywings: 5 Mei 2025
**Spanne:**
Sluitingsdatums vir inskrywings: 23 Mei 2025

- **OppieTongAf**

**Skakel: https://oppietongaf.co.za/**
**Individue:**
Sluitingsdatum vir inskrywings: 16 Mei 2025
**Spanne:**
Sluitingsdatum vir inskrywing: 27 Junie 2025 (skool skryf leerders in, meer inigting op d6 beskikbaar)

- **Radikale Redenaars**

**Skakel:**
**https://sites.google.com/view/radikaleredenaar/afrikaans**

**Individue en spanne:**
Sluitingsdatum vir inskrywings: 9 Mei 2025

**Redenaargedagte vir die week:**
*"Do everything with a good heart and expect nothing in return and you will never be disappointed".* Morgan Freeman

## LYNNIES RADE




### O M G E E R A A D

Laerskool Lynnwood se Omgeeraad het op 15 April 'n inspirerende persoonlike ontwikkeling sessie met Maryna Stevenson gehad. Die sessie het die span bemagtig om met meer selfvertroue en insig hul rolle te vervul en 'n positiewe impak op die skoolgemeenskap te hê.



## DIENSRAAD







## 2025 SKOOLKWARTALE EN VAKANSIEDAE

**Kwartaal 2**
VAKANSIEDAE:-
Maandag, 28 April: Vryheidsdag (Publieke vakansiedag)
Dinsdag, 29 April (Skoolvakansiedag)
Woensdag, 30 April (Skoolvakansiedag)
Donderdag, 1 Mei: Werkersdag (Publieke vakansiedag)
Vrydag, 2 Mei:( Skoolvakansiedag)
SKOOL SLUIT:- Vrydag, 27 Junie

**Kwartaal 3:** **22 Julie tot 3 Oktober**
**Kwartaal 4:** **13 Oktober tot 10 Desember**

## PERSONEEL

### VERJAARSDAE

**APRIL**

| | |
|---|---|
| 25 | Thamson Rapanyane (hekkontrole ass) + Zané Wiltz (o/w ass) |
| 26 | Chantelle Mattheus (pre-prim ass) |
| 27 | Doré Jordaan (naskool) |
| 29 | Jean van Loggerenberg (o/w) |
| 30 | Amanda J van Rensburg (naskool) + Chanelda Stolk (pre-prim) |

**MEI**


| | |
|---|---|
| 6 | Adri Oberholzer (o/w) |
| 12 | Johan Visser (o/w ass) |
| 13 | Hetta Hattingh (naskool) |
| 17 | Charisma Löhmann (o/w ass) |
| 19 | Anne-Marie Swart (naskool) |
| 21 | Nicky Grant-curtayne (Kas-Spensie) |
| 23 | Miné Grobler (o/w) |
| 28 | Casper Olivier (o/w) + Gisela du Plessis (o/w) |



### SELNOMMER VERANDER

**Neem kennis dat meneer Coenie Esterhuizen se selnommer verander vanaf 1 Mei 2025 na 065 072 6454.**

## LYNNIES BIDGROEP




**<u>BID VIR LYNNIES</u>**
**Woensdae 07:25 voor die hoofhek.**
**Kontak Anlia 082 927 1020**
**om deel te word van die WhatsApp groep.**

## HOËRSKOLE OPEDAE













**<u>Steve Stolk</u>**
**UITVOERENDE HOOF**



29,30 April
2 Mei
Kinders
Mini-vakansie
aanbieding
Bespreek 'n ondersoek!
Kry 'n GRATIS
skoonmaak & fluoriedbehandeling
061 516 1840
Dr. André Linde
Eenheid 7, Sunwood Park
379 Queens Crescent
Lynnwood




WIN A HOLIDAY WORTH
R 200 000
-only 250 tickets available
Your dream holiday for R2000 a ticket
All inclusive
Mauritius getaway
for 5 people!
16-23 December 2025
SPEND 7 GLORIOUS ALL-INCLUSIVE
DAYS AT THE BEACHCOMBER
VICTORIA HOTEL
https://jhbgymnasticsclubfundraiser.online/
ALL PROCEEDS WILL GO TO OUR FUTURE OLYMPIC GYMNASTS!
JGC




Groot
Boks
Groot
Idees
BIG BOX
Omskep Groot Pret
bigbox.co.za 0861 44 74 74




Skakel vir meer inligting oor **Maryna Stevenson**: https://g.co/kgs/T8LD61c






Skakel vir meer inligting oor **Leonie du Preez:** https://grolife.co.za/